

ds. PJ Kriel

03.09.2016

Liturgie. Lied 500: 1, 2, 3. Lied 508 1, 2. Lied 513 1, 2, 3. Lied 502 1,3,5.
Skriflesing. 1 Joh. 4: 7 – 19; 2: 22-25; 4: 1-4.

Inhoud Die preek wys die verskil tussen God se liefde wat geopenbaar is en gedemonstreerde liefde. Geopenbaarde liefde is liefde waarin God ons insluit en in laat deel. Afgodsdien maak van God se liefde 'n gedemonstreerde skouspel waarby jy nie ingesluit is voor jy nie met God geïdentifiseer het nie. Geloof in Christus is om Hom te ken en te vertrou vir die liefde waarin Hy ons insluit en laat deel. In afgodsdien word hierdie liefde, en die kennis van en vertrou in hierdie liefde, geminag vir godservarings waarin God se mag as sy liefde geëien word. Daarom minag afgodsdien die Here se liefde as die kerk se tradisie, die kerk se verstaan van God en die kerk se manier van glo wat nog nie ware liefde met God sou wees nie.

Teks 1 Joh. 4: 16. “En ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin.”
1983 en “Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het.”

Tema. Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

1. Die geloof in Jesus Christus is altyd geloof in liefde! Geloof in God se liefde vir ons!

God se liefde vir ons is volgens die apostel werklike liefde. Dit is God se werklike liefde en dit is werklik omdat dit liefde is wat bewys is. Dit is bewese liefde. Die regte woord waarmee hierdie liefde in die Grieks beskryf word, is geopenbaarde liefde volgens 1 Joh. 4:9.

Liefde wat bewys is, geopenbaar is, is iets anders as liefde wat gedemonstreer is. Liefde wat gedemonstreer word, is altyd liefde wat nog nie werklike liefde is nie. Dit is soos met 'n seun wat met 'n bos blomme by 'n meisie opdaag. Hierdie demonstrasie is 'n gewoonlik 'n uitnodiging tot liefde wat gegee en liefde wat ontvang wil word.

'n Demonstrasie van liefde is niks anders as 'n skouspel of ten toonstelling van liefde wat nog nie met mekaar gedeel word nie. God maak nie 'n skouspel van sy liefde nie. Dit is hoekom die apostel dan ook die volgende verklaring maak wanneer Hy stel dat God se liefde geopenbaar is: “Niemand het God nog ooit gesien nie.” vers 12. God se liefde is nie iets wat God demonstreer vir mense om te sien nie.

Daarom moet ons hierdie liefde wat God aan ons bewys het nooit sien as God se demonstrasie oor 'n liefde wat ons kan kry of deel van kan word nie. Die liefde wat God vir ons het, is liefde wat aan ons geopenbaar is.

2. Wat is geopenbaarde liefde?

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

God se geopenbaarde liefde is dat God liefde is en ons insluit in die liefde wat Hy in en deur Jesus Christus vir ons het.

Die apostel stel dit só: “Hierin bestaan die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as soenoffer vir ons sondes.”

Die aksent in hierdie vers is duidelik en helder: God hét ons liefgehad. Hierdie liefde is Jesus Christus wat 'n soenoffer vir ons sondes is. Daarom word gestel dat God ons liefgehad het. Dit kan mos nooit beteken dat Hy ons toe liefgehad het maar nou nie meer liefhet nie. Wat Christus is en gedoen het, is hoe God ons nou liefhet.

Wat Christus gedoen het om vir ons 'n soenoffer vir ons sondes te wees, is geopenbaarde liefde.

3. Ons mag hierdie geopenbaarde liefde in en deur Jesus weer nie sien asof God in Jesus se soenoffer vir ons iets gedemonstreer het van sy liefde vir ons nie. So asof ons na die Here aan die kruis en graf moet kyk as die groot skouspel van God se liefde.

Jesus Christus is nie God se skouspel nie. Jesus Christus is die soenoffer vir ons eie sondes.

Wat hierdie soenoffer beteken, word in verse 17 en 18 verduidelik: ¹⁷ Hierin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie... ¹⁸ Waar liefde is, is daar geen vrees nie,... want vrees verwag straf, en nog vrees het nie volmaakte liefde nie.”

Jesus Christus se soenoffer is die wyse waarop die Here alle straf vir elke en alle sonde wat ons doen vir altyd wegvat. Dit is die wyse waarop die Here alle oordeel van God oor ons as sondaars vir altyd wegvat.

Soenoffer beteken dat die Here self die straf en oordeel vir en van ons sondes op Hom geneem het. Dit was nie 'n demonstrasie van wat Hy met ons sonde en sondestraf kan doen nie. Dit is wat Hy werklik daarmee gedoen het. Hy het die straf en oordeel werklik op Hom geneem sodat God nooit weer vir straf of oordeel gevrees kan word nie, al doen ons nog sonde.

4. Daarom verklaar die apostel dat ons “het volmaakte liefde...” in vers 18. Ons is ingesluit en deel aan die soenoffer van die Here op so wyse dat ons geen straf en oordeel in God meer kan vrees nie.

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

Hierdie geopenbaarde liefde is die volmaakte liefde wat God vir ons hét en ons hét hierdie liefde! Om liefde te hê beteken om deel te wees daarvan, om ingesluit te wees daarby.

Daarom verklaar hy ook: “God het ons eerste liefgehad.” Hierdie volmaakte liefde van God is en bly altyd die “eerste liefde.”

Ons mag nooit hierdie eerste liefde so verstaan dat God sy liefde eerste demonstreer en dat ons moet besluit,

- of ons hierdie gedemonstreerde liefde wil aanvaar of nie,
- of ons hierdie liefde van God met ons liefde wil beantwoord
- of ons wil deelwees van hierdie liefde
- of ons hierdie liefde wil hê

voor dit werklike en volmaakte liefde is nie.

Eerste liefde beteken God sluit ons in hierdie liefde in en hou ons in hierdie liefde vas. Deur hierdie liefde van God skep hy as God dan in ons 'n liefde vir Hom. Omdat sy liefde waarin Hy ons laat deel en in vashou in ons 'n liefde vir Hom skep, is ons liefde vir Hom daarom dan nooit “regte liefde” nie. Dit beteken dat ons nie hierdie liefde in onself het of self gee nie. Dit is liefde vir God wat sy liefde waarin ons deel het in ons skep.

Daarom is ons liefde vir God ook altyd net 'n “tweede liefde”. Sy liefde is die liefde waarin ons deel en dit is die eerste liefde. Die tweede liefde, ons liefde vir Hom word altyd deur hierdie “eerste liefde” binne in ons geskep.

5. Na die apostel dit oor God se liefde vir ons verklaar het, stel hy daarom dan die inhoud van geloof in Jesus Christus só:

“En ons het die liefde wat God vir ons het leer ken en geglo.” 1983 AV of “Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het.” NAV

Dit is wat geloof in Jesus Christus is: in en deur Jesus Christus ken en vertrou ons die liefde wat God vir ons het. Gelowiges is hulle wat God se liefde ken en God vir sy liefde vertrou!

Ons ken hierdie liefde waarin God ons nie vir enige sonde straf en oordeel nie omdat Jesus Christus die soenoffer vir hierdie sonde is. Ons vertrou God vir hierdie liefde waarin Jesus Christus alle straf en oordeel op Hom geneem het sodat ons sonder enige vrees vir enige oordeel binne in God se liefde leef.

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

6. Die kerk se geloof is en kan niks ander wees nie as om God se liefde in die soenoffer van die Here Jesus te ken en om die Here vir hierdie soenoffer te vertrou nie.

Want dit is God se liefde vir ons!

Daar is 'n groot verskil tussen om te weet van God se liefde en om God se liefde te ken. Johannes stel self hierdie verskil aan die orde in vers 8 "Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde". Die Grieks vir het geen kennis beteken nie om "nie te weet van nie". Dit beteken om nie die liefde te ken nie. Om liefde nie te ken nie, beteken om nie te deel in en ingesluit te wees in die liefde van God nie.

Ons as gelowiges ken Jesus Christus!

Ons is deel van sy versoeningsoffer op so wyse dat ons onself nooit weer op enige wyse aan God moet opoffer vir skuld en oordeel nie. Dit is nie iets waarvan ons net weet nie. Omdat ons deel is daarvan en in die werklikheid daarvan leef, ken ons dit!

Daarom weet ons nie maar net van die Here wat ons versoeningsoffer is nie, ons vertrou sy liefde onbevrees. Ons vertrou Hom daarvoor dat ons nooit weer iets in Hom as God hoef te vrees vir wat ek verkeerd is en doen of nie reg is en reg doen nie.

7. Daarom mag ons nooit toegee dat hierdie liefde wat ons ken en waarin ons vertrou net maar 'n wete sou wees van wie die Here is en wat Hy vir ons doen nie. Dit is die druk wat elke dag op die kerk van die Here geplaas word deur mense wat nie in hierdie liefde van die Here glo nie.

In die tyd van Johannes was die druk uit die afgodsdienste van die tyd dat jy nie die werklike liefde van God in Jesus as die Christus ken en vertrou nie. Daarom stel Johannes in 2 vers 22: "Wie is die leuenaar anders as hy wat ontken dat Jesus die Christus is?"

In hoofstuk 4 verduidelik Johannes hierdie ongeloof in God se liefde só: "² Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is. ³ En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is."

Hierdie gees van die antichris in Johannes is die gees van afgodsdienste.

Afgodsdienste wil nie die liefde ken wat die Here met ons deel en waarby die Here ons insluit nie. Hierdie liefde waarin Jesus self die mens is wat die soenoffer vir ons sonde is, en die mens is wat die straf en oordeel van die sonde op Hom neem nie.

Hulle soek 'n ander tipe liefde met God. Hulle wil een wees met God se lewe, sy krag, sy wil, sy naam en sy heerlijkheid as God. Dit is hoekom hulle Jesus se menswees ontken. Hulle wil nie deel wees van wie Jesus as mens in hulle plek is nie. Hulle wil deel hê en ingesluit wees in wie God self is.

- Hulle wil ingesluit wees en deel in God se lewe as God, nie aan die Ewige lewe wat God aan mense skenk om vir ewig mense in sy liefde te wees nie.
- Hulle wil ingesluit wees in die krag van God as God en nie leef uit die krag van menseliefde wat die Here in ons deur sy liefde skep nie.
- Hulle wil ingesluit wees in sy wil as God sodat hulle eie menslike wil ook so absoluut, onbetwis en finaal sal wees soos God se wil. Hulle wil nie met 'n menslike wil leef waar God se wet hulle wil rig hoe om lief te hê nie. Daarom stel Johannes juis in 5 vers 3 dat die liefde daarin bestaan dat ons God se geboorte gehoorsaam, teenoor hierdie sug in afgodsdienste dat ons wil God se wil sal wees.
- Hulle wil nie ingesluit wees en deel in wie Christus as Persoon is nie, God wat in ons plek saam met ons mens is nie. Dit is nie die gemeenskap wat hulle met God wil hê soos Johannes dit in hoofstuk 1 vers 3 stel nie: die gemeenskap waaraan ons deel het, is met die van die Vader en die Seun nie, Jesus Christus nie. Hulle wil nie deel in wie die Here as mens is in ons plek nie. Hulle wil deel hê aan wie God self as Persoon is.

Daarom het hulle die kennis van Christus se liefde geminag en dit nie as God se liefde geken of geglo nie. Hulle het hierdie tipe kennis gesoek waarin hulle een met God is en alles wat God self is. In Johannes se tyd het hulle dan ook 'n spesiale naam daarvoor gehad: Gnosis! Goddelike kennis! Om God so te ken dat ek een is met wie God in Homself as God is.

8. Wat hierdie mense as ware liefde glo, noem Johannes die gees van die antichris. Hulle wil net weet van Jesus maar nie Jesus se versoensoffer as mens wat die straf en oordeel van ons sonde dra, as God se liefde ken en vertrou nie.

Hulle maak van wie Jesus is in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens iets wat jy van weet maar waardeur jy nog nie die volle liefde van God ervaar nie. Hierdie gees van die antichris is vandag as afgodsdienste nog net so kragtig en werksaam in die kerk soos in Johannes se tyd.

Vandag word dit nie meer "Gnosis" genoem nie, maar godservarings! As jy werklik ingesluit en deel wil wees van God se liefde, as jy God se ware liefde wil ken moet jy 'n godservaring hê!

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

Wat is hierdie godservarings waarin mense 'n ander liefde van God wil ken as die liefde wat God ons by insluit en laat deel in Jesus Christus?

Dit klink só:

- my gevoel is die Here se liefde,
- my idee is Here se plan,
- my wil is die Here se wet,
- my erotiese drif is die Here se innigheid,
- my fantasieë is die Here se droom,
- my optrede is die Here se krag,
- my visie is die Here se roeping,
- my missie is die Here se sending,
- my mag is die Here se koninkryk,
- my samesyn is die Here se intimiteit,
- my selfbewussyn is die Here se teenwoordigheid,
- my selfkennis is die Here se openbaring,
- my medemenslikheid is die Here se kerk.

Hierdie is die gees van die antichris. Die antichris is nie een of ander simpel drogkarakter nie. Dit is die gees van hulle wat 'n ander liefde wil ervaar in God as die liefde waarby die Here ons insluit en in laat deel.

In hierdie godservarings deel mense volgens hulle eie waanbeelde dit wat God in Homself as God is – en dit wil hulle vir hul self glo as werklike liefde van God en met God: om een te wees met God in alles wat Hy as God in Homself is.

9. Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het!

Wie?

Ons as gelowiges!

Ons weet nie Jesus is die mens wat vir ons die soenoffer vir ons sondes was nie. Ons ken die Here so! Dit is ons gemeenskap met die Vader en die Seun! God sluit in en verenig ons met Jesus in sy menswees op so wyse dat ons sonde werklik sy sonde is en sy offerdood werklik ons eie offerdood is wat ons nie hoef te sterf nie.

Hoe kan dit net iets wees waarvan ons maar net weet? 'n Mens weet nie maar net van liefde wat jy mee omsluit is en deel nie. Jy ken dit! Liefde kan net geken word! Dit kan net geken word as dit waarmee jy omsluit, ingesluit en omvou word. Liefde waarin jy ingesluit is, is geopenbaarde liefde!

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

En God het sy liefde in Jesus Christus aan ons openbaar! Dit kan nooit as skouspel of vertoning waargeneem word nie. Want niemand het of sal God ooit self “aanskou” nie. Dit is hoe ons Jesus Christus ken en vertrou. Hy is God se liefde vir ons en Hy is die Een in wie ons ingesluit is en wat sy lewe as mens met ons deel sodat ons met Hom as God versoen kan wees.

10. Ons leef elke dag onder hierdie druk van goddeloses en afgodsdienste dat ons kennis van God se liefde, nie werklike kennis van of vertrouwe in werklike liefde is nie.

Almal wil vir ons stroop van hierdie geloof: 'n geloof waar ons die liefde wat God vir ons het, ken en in die liefde wat God vir ons het, vertrou – Jesus wat ons insluit en laat deel in wie Hy vir ons in ons plek as mens is!

Daarom is daar hierdie sieklike opvatting deesdae in die kerk dat ons maar net glo soos ons glo omdat dit die manier is waarop ons groot geword het en dit ons eie geestelike tradisie is.

Hierdie ongeloof wil ons stroop van die liefde van God waarin ons glo, deur dit minagting ons “NG tradisie” te noem. Alles wat ons uit ons liefde vir God doen, alles wat ons weet God se liefde vir ons is, moet ons ons nou van self stroop en verag as net ons manier van doen.

Hoe word God se liefde vir ons net ons manier van doen? Wat anders is dit as die minagting dat die liefde wat God vir ons het nie liefde is wat geken en vertrou kan word as God se ware liefde nie. Dit is net ons manier waarop ons gewoon is om dinge te doen? Gewoon is aan wat? God se liefde kan net nooit so flegmatiese ongeduidendheid word dat dit net ons menslike roetine is waarop ons optree sonder om te weet en te dink hoekom ons doen wat ons doen nie! Hoe kan jy die manier waarop God jou lief het, ken as net iets wat my ouers gedoen het so asof dit nie 'n kennis van liefde is nie? Hoe kan liefde iets wees wat maar net is wat ek ken omdat ek daarmee groot geword het?

Ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin!

Dit is nie ons gedagtelose en betekenislose herhaling van gewoontes uit die verlede nie! Dit is geopenbaarde liefde wat liefde is! Werklike liefde! Eerste liefde! Gedeelde liefde! Bewese liefde!

Hoe kan ons die liefde van God degradeer as “tradisie”?

11. Nog 'n manier waarop God se liefde vir ons vandag gedegradeer word, is die openbare mening dat dit is maar “net ons manier van glo”, soos elkeen maar net kan glo wat hy wil en soos hy wil.

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

Dit is hoe ons vertrou in God se liefde, sy werklike, eerste bewese en openbare liefde nou op openbare skole geleer word. Ons moet God se geopenbaarde liefde degradeer as net nog 'n manier waarop elkeen glo wat hy wil.

Wat is dit?

Is dit nog die manier waarop jy God se liefde ken? Jesus Christus? Is dit nog die wyse waarop jy vashou dat die versoeningsdood van Jesus? Dit is die werklike eerste liefde van die Skepper vir ons as sy maakself?

Jy kan nie God se liefde op hierdie manier ken nie: elkeen glo maar oor God wat hy wil, soos hy wil en elkeen is maar reg nie. Jy kan nie God se liefde buite Christus ken nie. Ons mag nie in hierdie degradering van God se liefde ingetrek word nie.

Ons ken en vertrou die liefde wat God vir ons het!

Dit is nie maar net wat ons glo soos ander glo wat hulle wil nie. Dit is die enigste manier waarop God werklik, eerste, bewese en geopenbaar lief het. Ons glo nie maar wat ons wil nie.

Ons ken die liefde wat God vir ons het, want daar is geen ander liefde van God nie. Ons vertrou in die liefde wat God in Christus vir ons het, want daar is geen ander manier waarop God liefhet nie.

12. 'n Laaste voorbeeld van hierdie degradering van God se liefde is om voor te hou dat dit die "kerk se leer is". Geloof is maar net die leerstellings van die kerk.

Ons glo nie in die kerk se leerstellings waar ons in Jesus Christus glo nie. Jesus Christus is nie 'n kerklike leerstelling nie. Hy is God se werklike en eerste liefde. Ons geloof in Jesus Christus is ons kennis van die liefde waarin God ons insluit en dit is ons vertrou in die liefde van God waarin Christus ons laat deel.

Wie van u sal u man of vrou se liefde só degradeer? Sy of haar liefde is maar net sy leerstelling! Wie sal wanneer jou geliefde jou vashou in sy liefde dit minagkend antwoord en maak asof dit net jou leerstelling is waarmee jy leef, dit is nie liefde wat gegee en bewys word nie?

Wat doen ons met die Here wanneer ons ons kennis en vertrou in Christus afmaak as net ons leerstelligheid? Is dit spirituele beterswering of is dit die verwerping van die liefde van God? Dit kan niks anders wees as om met 'n spirituele versugting om iets anders in God te vind as liefde, die werklike en eerste liefde van God te verwerp nie!

Ons ken en vertrou God vir die liefde waarin Hy ons insluit en in vashou.

Want ons ken nie leerstellings nie. Ons ken die liefde wat God vir ons het en ons vertrou in die liefde wat God vir ons het – Jesus Christus wat deur sy offerdood ons met God versoen het.

13. Ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo daarin!

Wie apaties en beterweterig Jesus Christus net sien as God se demonstrasie van liefde, nie sy geopenbaarde liefde nie, verwerp die liefde waarin ons glo. Verwerp die Een wat ons liefhet!

Daar is geen ander liefde!

Die passie om deel van die krag, die lewe, die naam en wil van God te wees, is nie liefde nie. “Ek wil “gnosis” hê”, is nie ’n passie vir liefde nie. Dit is die passie van die Antichris. Dit was al die passie van Adam en Eva om soos God te ken en te wees. Dit is die minagtende verwerping van die enigste liefde wat God vir ons het: Jesus Christus wat vir ons sondes gely en gesterf het.

Ons ken nie ons gewoontes en tradisies, ons leerstellings en ons manier van glo nie. Ons ken God se werklike, eerste, bewese en geopenbaarde liefde waarin Hy ons ingesluit het en laat deel: Jesus Christus die Here, ons Here.